higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EKONOMIE N5

(22020095)

8 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

251Q1J2108

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EKONOMIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees al die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
3. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
7. Rond al die antwoorde af tot TWEE desimale plekke.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Voorbeeld van semiduursame goedere is …

A petrol.
B klere.
C eiendom.
D meubels.

1.2 As daar 'n verandering van 100 na 110 is in die algemene prysvlak op 'n inkomste van R32 000 miljoen, is die waarde van die *reële nasionale inkomste* ... miljoen.

A R320 000
B R28 000
C R3 520
D R29 090

1.3 Die teenoorgestelde van inflasie is …

A reflasie.
B deflasie.
C strukturele inflasie.
D wegholinflasie.

1.4 Die mees likiede bedryfsbate is 'n …

A vaste deposito.
B spaarrekening.
C tjekrekening.
D oortrokke bankrekening.

1.5 Die geldeenheid wat in Londen, Engeland, gebruik word, is die …

A dollar.
B pond sterling.
C euro.
D jen.

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Goedere wat nog verder verwerk moet word, word nie by die nasionale produk ingesluit nie.

2.2 Iemand is werkloos as hy/sy werk wil hê waarvoor hy/sy nie gekwalifiseer is nie.

2.3 'n Progressiewe belastingkoers is wanneer hoër- en laerinkomstegroepe meer belasting betaal.

2.4 Laerinkomstegroepe spandeer 'n groter persentasie van hulle inkomste op noodsaaklikhede as hoërinkomstegroepe.

2.5 Suid-Afrika is 'n ontwikkelende land.

2.6 Jy verdien nie rente op 'n dagdeposito ('call deposit') nie.

2.7 Die verlaging van belastingkoerse sal beleggings deur maatskappye en besteding deur verbruikers aanmoedig.

2.8 Die vergoeding vir die produksiefaktor entrepreneurskap is rente.

2.9 *Nominale inkomste* is altyd meer as *reële inkomste*.

2.10 'n *Oop ekonomie* beteken 'n ekonomie wat nie aan internasionale handel deelneem nie.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–R) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Reguleer die toename of afname in geldvoorraad in 'n land	A	kollektiewe bedinging
3.2	Die proses om in 'n ander land te woon en werk	B	emigrasie
3.3	'n Werker word 'n vaste tarief per gelewerde eenheid betaal	C	fiskale beleid
3.4	Die mark waar buitelandse valuta verhandel word	D	Forex
3.5	Die voordeel wat verlore gaan as jy die tweede beste alternatief kies en nie die beste nie	E	wegholinflasie
3.6	Inflasie wat buite beheer is	F	hiperinflasie
3.7	'n Vaste, voorafbepaalde hoeveelheid goedere wat ingevoer mag word	G	immigrasie
3.8	Die vergoeding vir die produksiefaktor kapitaal	H	inkomstepolis
3.9	Die bykomende koste verbonde aan die produksie van nog 'n produksie-eenheid	I	rente
3.10	'n Vereiste vir 'n loonstelsel	J	rentekoers
		K	marginale koste
		L	monetêre beleid
		M	geleentheidskoste
		N	stukloonstelsel
		O	kwotas
		P	huur
		Q	tydloonstelsel
		R	eenvormigheid

(10 × 2) **[20]**

TOTAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.

VRAAG 4

4.1 Bestudeer die spotprent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.bing.com*, 28/02/2018]

Werkers op vrugteplase ontvang lone.

4.1.1 Noem en verduidelik DRIE algemene dienste/funksies van die regering. (3 × 2) (6)

4.1.2 Noem en bespreek VYF bepalende faktore wat die arbeidsaanbod beïnvloed. (5 × 2) (10)

4.1.3 Onderskei tussen die DRIE motiewe om geld te eis. (3 × 3) (9)

4.2 Beskryf DRIE rolle wat elk van die volgende met betrekking tot die ekonomiese siklus speel:

4.2.1 Huishoudings

4.2.2 Die regering

(2 × 3) (6)

4.3 Verduidelik die volgende kortliks:

4.3.1 Nasionale inkomste

4.3.2 Nasionale uitgawes

(2 × 2) (4)

4.4 Onderskei tussen die volgende in 'n ontwikkelende ekonomiese stelsel waar hulpbronne beskikbaar is:

4.4.1 Armoede

4.4.2 Gelykheid

4.4.3 Doeltreffendheid

(3 × 2) (6)

4.5 Noem DRIE hooffunksies van vakbonde. (3)

4.6 Onderskei tussen die kapitaalmark en die geldmark in Suid-Afrika. (2 × 2) (4)

4.7 Wat is die inflasiekoers tans? (2)

[50]

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die spotprent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.rollingalpha.com*]

5.1.1 Gee u interpretasie van die illustrasie hier bo. (2)

5.1.2 Noem die redes en doelstellings van elk van die volgende met betrekking tot die Suid-Afrikaanse handelsbeleid:

(a) Uitvoerbevordering

(b) Invoervervanging

(2 × 3) (6)

5.1.3 Bereken die saldo op die handelsrekening deur gebruik te maak van die volgende inligting (toon items en berekeninge) :

Oorplasings	R21 611
Invoer van goedere	R82 994
Uitvoer van goedere	R50 121
Lenings	R26 699
Uitvoer van goud	R29 467

(5)

5.1.4 Bespreek VIER redes vir internasionale handel. (4 × 2) (8)

5.2 Bespreek die regering se rol as entrepreneur in die ekonomie. (4 × 2) (8)

5.3 Verduidelik TWEE bepalende faktore van die arbeidsvraag. (2 × 3) (6)

5.4 Definieer die term *kollektiewe bedinging.* (3)

5.5 Onderskei tussen *geldlone* en *reële lone.* (2 × 2) (4)

5.6 Verduidelik VIER beleide wat deur die staat gebruik word om te verseker dat die ekonomie goed vaar. (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 6

6.1 Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.bing.com*, 28/02/2018]

6.1.1 Werkloosheid is een van Suid-Afrika se grootste arbeidsprobleme.

Bespreek DRIE ander arbeidsprobleme in Suid-Afrika kortliks. (3 × 2) (6)

6.1.2 Noem VIER soorte werkloosheid. (4 × 2) (8)

6.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

6.2.1 Diskontohuise word nie as finansiële instellings beskou nie.

6.2.2 Die studie van die staat se rol in die ekonomie staan bekend as monetêre ekonomie.

6.2.3 Rente is die koste van 'n lening. (3)

6.3 Noem TWEE hoofbronne van staatsinkomste om die begroting te finansier. (2 × 2) (4)

6.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling.* (2 × 2) (4)

6.5 Verduidelik VYF gevolge van die fiskale beleid op die ekonomie. (5 × 2) (10)

6.6 Beskryf die VIER komponente van geld. (4 × 2) (8)

6.7 Bespreek DRIE probleme wat tydens die berekening van die nasionale inkomste kan voorkom. (3 × 2) (6)

6.8 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR:

Arbeid sluit alle werk in wat mense doen, hetsy geskool of ongeskool. (1)

[50]

VRAAG 7

7.1 Bestudeer die grafiek van die Suid-Afrikaanse bruto nasionale inkomste en beantwoord die vrae.



7.1.1 Verskaf die formule vir die berekening van die bruto nasionale inkomste. (4)

7.1.2 Vergelyk die BNI van Januarie 2016 met dié van Januarie 2018.

Was daar 'n styging of daling? (2)

7.1.3 Onderskei tussen *Nominale Nasionale Inkomste* en *Reële Nasionale Inkomste*. (2 × 2) (4)

7.1.4 Beantwoord die vrae met betrekking tot die onderstaande tabel.

BEREKENING VAN BRUTO BINNELANDSE PRODUK (MILJARD)

Vergoeding van werknemers	943
Netto bedryfsoorskot	844
Verbruik van vaste kapitaal	355
Bruto waarde … (A)	**2 142**
Belasting op produksie	45
Subsidies op produksie	16
Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse	**… (B)**
Op produkte	332
Subsidies op produksie	(16)
… (C)	**2 487**
Primêre inkomste uit die res van die wêreld	56
Primêre inkomste vir die res van die wêreld	208
BNP teen markprys	**2 335**

(a) Noem A en C. (2 × 2) (4)

(b) Bereken die waarde van B. (2 × 2) (4)

7.2 Watter DRIE metodes word gebruik deur die staatsdepartement wat uitvoerbevordering as een van sy portefeuljes het? (3 × 2) (6)

7.3 Definieer die volgende:

7.3.1 Privatisering

7.3.2 Deregulering

7.3.3 Nasionalisering

7.3.4 Regstellende aksie

(4 × 2) (8)

7.4 Bespreek die VIER komponente van nasionale besteding in 'n oop ekonomie. (4 × 2) (8)

7.5 Bespreek VYF oorsake van koste-inflasie. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou